

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Woorddiens

Tema: Hunkering, melankolie, heimwee

Skriflesing: Eksodus 16:1-15 (1953)

¹ TOE hulle van Elim af wegtrek, het die hele vergadering van die kinders van Israel in die woestyn Sin gekom, wat tussen Elim en Sinai lê, op die vyftiende dag van die tweede maand ná hulle uittoeg uit Egipteland.

² En die hele vergadering van die kinders van Israel het teen Moses en teen Aäron in die woestyn gemurmureer.

³ En die kinders van Israel het aan hulle gesê: Het ons maar in Egipteland deur die hand van die HERE gesterwe toe ons by die vleispotte gesit en volop brood geëet het! Want julle het ons in hierdie woestyn uitgelei om hierdie hele vergadering van honger te laat sterwe.

⁴ Toe sê die HERE vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie.

⁵ En op die sesde dag, as hulle berei wat hulle inbring, sal dit dubbel soveel wees as wat hulle daaglik insamel.

⁶ Toe sê Moses en Aäron aan al die kinders van Israel: Vanaand, dan sal julle weet dat die HERE julle uit Egipteland uitgelei het.

⁷ En môre vroeg, dan sal julle die heerlikheid van die HERE sien, omdat Hy julle murmureringe teen die HERE gehoor het — want wat is ons, dat julle teen ons murmureer?

⁸ Daarop sê Moses: Dít sal gebeur as die HERE julle in die aand vleis gee om te eet en in die môre volop brood, omdat die HERE julle murmureringe hoor wat julle teen Hom murmureer. Want wat is ons? Julle murmureringe is nie teen ons nie, maar teen die HERE.

⁹ Verder het Moses met Aäron gespreek: Sê aan die hele vergadering van die kinders van Israel: Kom nader voor die aangesig van die HERE, want Hy het julle murmureringe gehoor.

¹⁰ En onderwyl Aäron die hele vergadering van die kinders van Israel toespreek, draai hulle na die woestyn toe en meteens verskyn die heerlikheid van die HERE in die wolk.

¹¹ Ook het die HERE met Moses gespreek en gesê:

¹² Ek het die murmureringe van die kinders van Israel gehoor; spreek met hulle en sê: Teen die aand sal julle vleis eet en in die môre met brood versadig word; en julle sal weet dat Ek die HERE julle God is.

¹³ En in die aand het daar kwartels opgekom en die laer oordek. En in die môre was daar 'n doulaag rondom die laer.

¹⁴ En nadat die doulaag opgetrek het, het daar oor die woestyn iets gelê wat fyn en korrelrig was, fyn soos ryp op die grond.

¹⁵ Toe die kinders van Israel dit sien, sê hulle vir mekaar: Wat is dit? Want hulle het nie geweet wat dit was nie. Daarop sê

Moses vir hulle: Dit is die brood wat die HERE julle gee om te eet.

Broodjies vir die pad

Op die spoor van die Sehnsucht en Saudade

Jannie Malan

Daar is 'n gevoel. Moeilik om te verwoord. Ek word soms bewus daarvan wanneer ek in die Hoëveldmiddae in die trae stoet van die daaglikse N1 verkeer sit en uit staar oor die konstruksiestellings waaronder nog 'n sekuriteitskompleks verrys. En skielik is dit langs my in die passasiersitplek. Ek het dit meermale raakgevoel in die aankomstlokale van lughawens, tussen die vlugtige vertoef van mense wat van en na wêreldwye bestemmings arriveer en vertrek. Die gevoel het teen 'n tydskrifkraampie aangeleun; tydsaam 'n sigaret gerook. Ek het dit ervaar waar ek langs 'n geliefde gesit het, hulle hand skielik vreemd in myne. Dit is soms daar wanneer ek saam met vriende om die kampvuur sit, gesigte gloeiend bo die vlamme. En altyd, altyd langs die see, veral wanneer dit skemer word. Ek gee my dus, soos Laurika Rauch, oor aan die nostalgie. Hoe beskryf 'n mens hierdie gevoel. 'n Hunkering, 'n onbeskryfbare begeerte na iets of iewers anders as hier – maar nie duidelik gedefinieer nie. 'n Melankolie, 'n heimwee. Dit is 'n gevoel wat ek baie maal in gedigte raakloop. Opgekrul tussen die woorde, versteek agter die letters, styf teen die wit van die bladsy. Soos hier, in 'n gedig van Gilbert Gibson.

Stealing copper

'n verbleikte kleurfoto verklap hier die draai van 'n seisoen: jy dra trui en staan gedogter en selfbewus voor 'n lukwartboom op wit van die winter is die grasperk en die boom is met die meeste takke leeg, julle op wag vir die weerkoms van trekvoëls. skuins oor die kop loop telefoondrade en sing, op die agtergrond gaan daar 'n tweespoorpad na die skuur. Jou hare waai deurmekaar, gepunt;

ek luister en hoor
ek hoor die wind

Gilbert Gibson uit *Kaplyn* (2007)

Soos dit 'n digter betaam, gaan seek ek dus 'n woord vir hierdie 'ding'. As jy die onbekende 'n naam kan toedig, dan het jy besit daarvan geneem en kan dit jou nie meer bang maak nie. Ek kom op die volgende af: "Nur wer die Sehnsucht kennt" (slegs hy wat die die hunkering ken) is 'n gedig van Johann Wolfgang von Goethe. Die gedig verskyn in sy bildungsroman Wilhelm Meister's Apprenticeship, waar dit deur die karakter Mignon gesing word. Verskeie komponiste het die gedig getoonset waaronder Pyotr Tchaikovsky se melankoliese "None but the Lonely Heart" 'n verwerking van die Russiese weergawe van Goethe se gedig is. Goethe se gedig kan as volg vertaal word:

Net hy wat die hunkering ken
Weet hoe ek ly
Alleen en verwyder

Van alle vreugde
 Kyk ek na die hemel
 Na die ander kant
 Ai! Die een wat my lief het en ken
 Is ver weg
 Ek voel duiselig, my ingewande brand
 Alleen hy wie die hunkering ken
 Weet hoe ek ly

Die Duitse woord 'Sehnsucht' is 'n selfstandige naamwoord en 'n samestelling van die woord vir 'n diep verlange (das Sehnen) en dié vir verslawing (die Sucht). Alhoewel 'n mens dit na 'hunkering' of 'smag na' sou kon vertaal, skiet die woorde kort wanneer hulle poog om hierdie emosionele toestand akkuraat te beskryf. Sehnsucht is ons gewaarwording van ons lewensbegeerte, wat terselfdertyd gepaard gaan met die besef dat meeste van hierdie versugtinge onbereikbaar sal bly en gaan hierdie gevoel meermale gepaard met beide positiewe en negatiewe gevoelens.

Soms ervaar jy dit as 'n hunkering na 'n ver land. Geen land wat jy ken of al besoek het nie. 'n Land wat in werklikheid nie eens bestaan nie, maar wat ervaar word as die 'tuiste'.

Sehnsucht het 'n besondere belang vir die outeur C. S. Lewis, van die Namia-reeks faam, gehad. Hy beskryf Sehnsucht as die "inconsolable longing" in die menslike hart vir "we know not what." Hy noem enkele voorbeelde van dinge wat veral hierdie begeerte in hom aangewakker:

That unnameable something, desire for which pierces us like a rapier at the smell of bonfire, the sound of wild ducks flying overhead, the title of The Well at the World's End, the opening lines of "Kubla Khan", the morning cobwebs in late summer, or the noise of falling waves.

Vir my word hierdie gevoel nie deur die eerste versreëls van Samuel Taylor Coleridge se Kubla Khan nie verwek nie. Nee, vir my sit dit eerder in Leipoldt se "Wys my die plek":

Wys my die plek waar ons saamgestaan het,
 Eens toe jy myne was -

Net daar. Keer op keer. Daardie gevoel. Sehnsucht blyk dus subjektief te wees.

'n Mens hoef bloot te dink aan die gevoel wat ervaar word wanneer jy na die Kreoolse sanger Cesária Évora se gelyknamige lied luister. Dit beskryf 'n diep emosionele en profound melankoliese begeerte vir 'n geliefde iets of iemand wat afwesig is. Onderliggend hieraan is daar ook 'n onderdrukte wete dat hierdie persoon, tyd of voorwerp dalk nooit mag terugkeer nie.

Jy't weggegaan

Jy't weggegaan en jy bewoon
 'n silwer herberg in die sneeu
 jou vensters kyk nog elke nag
 met drie blink oë na die plein

die plein is boom en wind en boom
 en wind en wind
 en wintermiddag voer daar iemand
 die meeue krummels teen die wind

N.P. van Wyk Louw uit *Tristia*

Iemand het Saudade eens beskryf as "die liefde wat agterbly" nadat die geliefde weg is. Dit is 'n 'leegheid', 'n holte in die siel. Dit is belangrik om daarop te let dat die Portugese ook 'n woord vir nostalgie het, en gevolglik is Saudade soortgelyk, maar anders geskakeerd.

Waarom hierdie spesifieke woord in Portugees voorkom het dalk te make met die tyd toe die Portugese 'n groot ontdekkingsmoonheid was met seevaarders wat veraf lande gaan verken het, weg van geliefdes en baie maal om nooit weer terug te keer nie. Dit is 'n romantiese gedagte, maar ongelukkig het die Portugese ontdekkingsvaart in 1415 begin, lank na die woord reeds in Portugees bestaan het. In sy boek *In Portugal*, gepubliseer in 1912, skryf A. F. G. Bell:

The famous Saudade of the Portuguese is a vague and constant desire for something that does not and probably cannot exist, for something other than the present, a turning towards the past or towards the future; not an active discontent or poignant sadness but an indolent dreaming wistfulness.

Ek wonder of jy soms

Ek wonder of jy soms, wanneer
 Die wolke soos galjoene seil,
 Dink aan die helder dae, toe ons
 Kon loop deur songedrenkte lande?
 Want niks was daar wat jou en my
 In daardie dae meer kon verbly
 As om te sien, hoe een vir een,
 Hul dryf oor goudgeklepte lande,
 Met skaduwees vir ankers
 Wat tastend oor die bosse sleep
 En nuwe bodems peil -
 Ek wonder, as die wolke seil,
 So voortgedryf deur frisse winde,
 Of jy nog aan dié dae dink,
 O welbeminde?

I.D. du Plessis uit *Groot Verseboek*

Wanneer ek deur bundels blaai, ervaar ek gereeld hierdie gevoel van Sehnsucht of Saudade. Miskien is dit omdat die gedig op sigself 'n poging is om 'n verskriklike vlietende gevoel in woord te kristalliseer. Net soos hierdie twee woorde hard probeer om 'n moeilike gevoel vas te vat draai die gedig ook maar baie maal om die essensie, hopelik in 'n al hoe nouer sirkel wat al nader na die kern van waarheid kring. Meermale herroep gedigte ook 'n gegewe uit die verlede, 'n plek, 'n tyd, 'n persoon, en word dit - intensieel al dan nie - met nostalgie gekleur.

Miskien kan hierdie gevoelens so sterk met gedigte geskakel word omdat die gedig ook besef dat die ware betekenis of emosie wat dit probeer beskryf nooit werklik bereik kan word nie. Tog is die ervaring van hierdie gevoel paradoksaal - terwyl daar 'n diep nostalgiese komponent is, is daar terselfdertyd ook 'n vorm van blydschap, byna 'n herbevestiging van die wete dat deur hierdie emosie te ervaar, jy steeds lewendig is, jy steeds kan voel.

bladspieël

in die verbygaan sien ek soms
 by dié kafeetafel 'n eensame man
 wat skryf - dan verbeel ek my
 hy skryf oor sy weerkaatste self
 die tafel en die verbyganger
 wat hom verbeel: daar sit 'n man
 wat oor sy eensameheid skryf

Daniel Hugo uit *Die boek Daniel* (1986)

<http://versindaba.co.za/2014/09/08/jannie-malan-op-die-spoor-van-die-sehnsucht-en-saudade>